## BOEKBESPREKING

Dr. J. Douma: *Voorbeeld of gebod? Enkele opmerkingen over het Schriftberoep in de ethiek,* Uitg. Tom Bolland, Amsterdam, 1972.

Douma se geskrif is eintlik 'n bestryding van H. M. Kuitert se opvatting dat elke direkte beroep op die Bybel aanvegbaar is. Volgens Kuitert loop daar nie 'n regstreekse verbindingslyn van die gebod na die situasie van vandag nie. Die gebooie in die Bybel moet volgens Kuitert (op die voetspoor van Josef Blank) net beskou as etiese modelle. So 'n opvatting het nogal heel wat konsekwensies vir die moraal soos Douma ook aantoon met twee duidelike voorbeelde nl. die homoseksualiteit en die trou in die huwelik (p. 46 e.v.; 49 e.v.).

Douma bied ons in sy boekie 'n oortuigende weerlegging van Kuitert se opvatting oor die beroep op die Bybel in die etiek. Wat besonder in hierdie geskrif opval is die groot eerbied vir die Woord van God. Douma wil liewer van biblisisme en konserwatisme verwyt word as dat hy aan die vasheid van die Woord van God sou twyfel (p. 50).

By die lees van Douma se geskrif moes ek telkens dink aan die boek van W. H. Velema, *Aangepaste Theologie.* Douma se kritiek stem in 'n groot mate ooreen met dié van Velema. Velema het ook gewys op Kuitert se optimistiese siening op mens en moraal. Douma doen dieselfde (p. 21, 22). Die humaniteit word eintlik by Kuitert die norm waarvolgens gemeet moet word (p. 40).

Net soos Velema is ook Douma van oordeel dat ons die wortel van Kuitert se denke moet soek in sy siening op die verhouding van God — mens in die verbond. Douma is van mening dat Kuitert God te veel aan die mens vasbind met die gevolg dat panteïsme en ateïsme reële dinkmoontlikhede word (p. 41).

Douma wys verder daarop dat volgens die benadering van Kuitert God se transendensie besig is om te verdwyn (p. 40). Dit gebeur volgens die strekking in die nuwere teologie: daar word nog wel gespreek van die transendensie van God, maar dan is dit 'n transendensie in die tyd en nie in die ruimte nie (want transendensie in die ruimte is „metafisies" en dit is vandag in die teologie 'n onbehoorlike woord). By Pannenberg vind ons dieselfde benadering van die transendensie van God: God is ons vooruit.

Ek vrees dat Douma se boekie dieselfde verguising te beurt sal val as Velema se boek oor die teologie van Kuitert. Ons wag egter nog op 'n grondige weerlegging van hierdie stemme. Voordat dit gebeurt het kan ons hierdie geskrif van prof. Douma net hartlik aanbeveel. Studente en predikante sal met vrug hierdie boek kan gebruik. Dit bied 'n werklike diskussie veral in 'n tyd soos hierdie waarin die een teoloog kritiekloos aanvaar en die ander een ewe kritiekloos verwerp word. En dan word daar nog gekla oor polarisasie. Dit strek Douma tot eer dat hy daarom met 'n goed gefundeerde kritiek en baie simpatiek Kuitert bespreek én afwys. L.F.

Dr. K. Schilder: *De Openbaring van Johannes en het sociale leven,* Uitg. Tom Bolland, Amsterdam, 1972, vierde druk.

Hierdie boek van die omstrede Nederlandse teoloog K. Schilder waarvan nou 'n mooi versorgde vierde druk verskyn het, toon ons hoe die begaafde skrywer 'n man met profetiese gawes was. Sy boek oor die Apokalips van Johannes val in 'n sekere sin nog onder Schilder se jeugwerke. Sy styl is weelderig, 'n groot aantal literêre werke bewys sy belesenheid. Fraaie sinwendings en treffende woordspelings maak die lees van die boek 'n boeiende genot. Die boek maak ook 'n onuitwisbare indruk op die leser.

Wie hierdie boek aandagtig lees, word getref deur die profetiese visie wat die boek kenmerk. Schilder was werklik sy tyd ver vooruit. Reeds in die twintiger jare van hierdie eeu het Schilder al as jong Geref. predikant sy kritiek op die maatskappy neergeskryf. Die problematiek van ontwikkelingshulp het hy reeds raakgesien. In 'n tyd toe daar nog volstrekte antitese tussen Christendom en kommunisme geheers het, skrywe Schilder reeds oor 'n „flirtation" tussen die twee.

Schilder wys dadelik in die begin van sy boek op die feit dat die Bybel werklik nie eensydig vertikaal gerig is nie, maar dat die hele Bybel vol is van sosiaal-gekleurde aanwysings en grondbeginsels (p. 14). Dit is van belang in ons tyd waarin so ywerig gesoek word na die waarheidselemente in die Marxisme. Daar word allerlei pogings aangewend om via Ernst Bloch en J. Moltmann verbindingslyne tussen Christendom en Marxisme aan te wys. Wanneer dit gebeur, is dit goed om te lees hoe Schilder met die wysbegeerte van Karl Marx geworstel het en toe hy selfs 'n aangepaste Marx van die jongsosialisme nie kon aanvaar nie (p. 209). Hy lê die diepste wortels van die Marxisme bloot in sy indringende boek (p. 216—224).

Wanneer ons vandag (in bepaalde dele van die wêreld) ontroerende pleidooie hoor ten behoewe van die veronregte en verdrukte mens en wanneer in die teologie van die rewolusie God so gemaklik vereenselwig word met die stryd van die „veronregte mens", is dit noodsaaklik om te luister na wat Schilder hieroor sê. Dit gaan nie primêr in Gods bevrydingsoorlog om die stryd van die verdrukte massa teen die heersende klasse nie; dit gaan nie om 'n maatskaplike klasse-indeling nie; maar, aldus Schilder, om die groot openbarings- en geloofskritiese onderskeiding. Dit is nie die sonde van een stand, een klasse, wat die krisis in die wêreld begin het nie, maar die hele mensheid staan skuldig voor God (p. 203).

Wanneer ons dit toepas op ons eie situasie waar ekonomiese groei, oorskotte op die handelsbalans en jaarlikse groeikoerse byna afgodies vereer word, is dit goed om deur die stem van Schilder tot besinning geroep te word. In die aangrypende hoofstuk, *Wereldruïne,* wys hy op die gevaar van gekonsentreerde ekonomiese en finansiële mag, die versoeking wat daarin geleë is en die oordeel van God daaroor (p. 285—307). Die Kerk wat soms maar al te geneig is om van die owerheid of van geldmagte steun te verlang, behoort te lees wat Paulus gedoen het toe finansiële sorge hom gekwel het. „Toen Paulus, de apostel zijn financiële zorgen had, droeg hij ze niet

voor aan een of andere millionair; die was er voor hem niet. Hij schreef er over aan arme Europese handswerklui, die voor hun berooide medestanders te Jeruzalem week aan week hun zuur verdiende spaarduiten hebben weggelegd" (p. 18).

Ek wil hierdie boek hartlik aanbeveel. L.F.

Prof. dr. Tj. van der Walt, prof. dr. J. L. de Villiers, dr. L. M. le Roux: *Openbaringsgeskiedenis, Die Nuwe Testament, Standerd 7 en 8.* Uitg. Interkerklike Uitgewerstrust, Pretoria, Potchefstroom, Kaapstad. Met medewerking van mev. J. G. van Niekerk en mnr. S. J. Vorster. Prys R2,30.
Hierdie boek is gepubliseer in die serie: Boeke vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde.

Die boek het 'n gebruiksaanwysing. Op p. 3—5 vind ons 'n duidelike uiteensetting hoe die boek gebruik moet word. Elke hoofstuk bied vervolgens 'n saamvatting, daarna 'n aantal vrae en ten slotte 'n werkopdrag. Dit verhoog in 'n groot mate die bruikbaarheid van die boek. Foto's en kaarte maak die boek vir die leerling besonder aantreklik.

Die inhoud word op so 'n wyse aangebied dat dit vir die st. 7 en 8 leerlinge bevatlik is. Daar is treffende tiperinge in die boek soos op p. 59 waar Lukas 15 aangedui word as die „Trilogie van Verlorenheid" of Saulus die „eiewillige" en Paulus die „volgsame" (p. 151). Die inhoud van die Bybel word ook op die hede betrek soos byvoorbeeld in 'n vraag op p. 104: „Is hemelvaart blote ruimtevaart — net amper 2 000 jaar voor die Amerikaners en die Russe?"

Mooi begripsonderskeideninge word gehandhaaf soos byvoorbeeld die verskil tussen 'n dissipel en 'n apostel (p. 48) of Gees en wind (p. 113).

Die skrywers het telkens die ouderdom van die leerlinge vir wie die boek bedoel is voor oë gehad en dit maak die boek heeltemal verstaanbaar vir die leerlinge.

Die geheel maak 'n baie versorgde en aangename indruk. 'n Mens sou op onderdele kritiek kon uitoefen, sommige tekste miskien anders wou eksegetiseer, maar die geheel is van so 'n aard dat ons met dank en waardering die boek aanvaar as 'n geskenk vir ons kinders wat deur middel van die Bybelkundeklas stellig gelei sal word om die Bybel beter te verstaan. Mag die seën van die Here hierdie mooi publikasie op sy pad deur die skole vergesel. L.F.

L. F. Schulze: *Calvin's Reply to Phighius.* Pro Rege Pers, Posbus 343, Potchefstroom. Harde band, 177 bls., R5,50. Gepubliseer met behulp van 'n toekenning van die RGN as nr. 9 in die serie.

Hierdie proefskrif is een van die talle studies wat in die jongste tyd weer teruggegaan het na die kerkhervorming en vanuit die oorspronklike dokumente die lig laat val op die reformatore. Dr. Schulze het hierdie studie o.l.v. prof. Francois Wendel onderneem en gepromoveer aan die Fakulteit van Protestantse Teologie aan die Universiteit

van Strassbourg in 1968. Dit is dus reeds in hierdie opsig 'n merkwaardige onderneming wat bevrugtend op die gereformeerde teologie in Suid-Afrika kan inwerk. Die werk is in Engels aangebied, al is die skrywer hom bewus dat die feit dat dit nie sy moedertaal is nie „a certain stiffness in style and expression" mag meebring.

Die outeur het hom ten doel gestel om Calvyn se verweer teen die aanval van die Nederlandse Rooms-Katoliek, Albert Pigge (1490—1542) weer te gee. Aangesien Pigge in sy *De libero hominis arbitrio* (1542) Calvyn hoofsaaklik vanuit 'n sterk Pelagiaanse ligging aangeval het, trek die stryd saam op die aspekte van die vrye wil van die mens (boek 1—6) en die uitverkiesing (boek 7—10). Phigius argumenteer dat die reformatoriese opvatting van die bedorwe wil van die mens bots met die goedheid van God, die kerklike tradisie, gesonde verstand, die Skrif, die leer van Augustinus, ens. Volgens hom leer die Skrif dat die mens 'n vrye wil tot saligheid het. Hy bestempel Calvyn se opvatting oor die uitverkiesing godslasterlik en hy gee sy mening oor die verantwoordelikheid van die mens en God se wil van 'n universele versoening.

Calvyn het eers met 'n *Defensio* op die eerste aspek geantwoord; sy antwoord oor die uitverkiesing uitgestel vanweë die dood van Phigius, maar tog in 1552 daarmee afgereken in sy *De aeterna Praedestinatione.*

Die skrywer het goed daarin geslaag om Calvyn se verdediging, selfs die mooi en fyn wendinge, weer te gee. Uit die werk kry 'n mens andermaal 'n idee van die meesterlike betoogkrag van Calvyn; sy diepe Skrifkennis en sy noue aansluiting by Augustinus. Die groot ooreenkoms tussen Luther en Calvyn kom daarin uit dat Phigius eintlik teen Luther gemik het en toe Calvyn se Institusie ook wou weerlê. Calvyn is hom dan ook oortuig dat hy en Luther op dieselfde standpunt staan (p. 31 e.v.).

Die inhoud van so 'n betoog en die verweer kan moeilik opgesom word. Daarvoor is die werk ook maklik toeganklik en op die punt af. Besonder insiggewend is Calvyn se argument dat die wil vry is in dié sin dat *niks van buite af* dit beheers nie. Daar is geen deterministiese krag buite die wil nie. Maar deur die sondeval is die wil korrup sodat dit van nature die kwaad kies. Sodoende is nie God nie, maar die mens met sy bedorwe wil outeur van die sonde (p. 39 v.). Sodoende het die Hervormers die menslike verantwoordelikheid beklemtoon — nie as 'n òf God òf mens nie. Die mens is verantwoordelik vir sy val... Vir Calvyn lê die absolute genadewerk van God en die verantwoordelikheid van die mens nie teenoor mekaar nie, maar op verskillende vlakke.

Ten opsigte van die verkiesing wil Phigius betoog dat God se doel die saligheid van die mens is (p. 100). Calvyn wys dat God se goedheid sy doel daarin vind dat Hy die eer ontvang. Die verkiesing en verwerping moet vanuit die doel aanvaar word. Daaroor kan mens nie spekuleer nie. Jy moet dit gelowig aanneem. Die bekende bedenkinge teen die verkiesing, wat 'n mens vandag nog dikwels raakloop, is al deur Phigius na vore geskuif. Calvyn het daarop geantwoord. Treffend veral is Calvyn se gevleuelde uitspraak: *For their*

*salvation I never send men to the election but directly to Christ. If we want to have peace... we have to go the clear and simple way of faith in Christ* (p. 108). Die hele verkiesing moet in en vanuit Christus gesien word. Derhalwe bied juis die werk van God die onwrikbare sekerheid van die heil terwyl Phigius die teendeel wou beweer. Schulze bevind dat Calvyn van die leer as „praktiese teoloog" uitgaan met die oog op die Christelike lewe om God te verheerlik en dat daar geen sprake kan wees dat die leerstuk van predestinasie 'n „fundamentele dogma" of die „sentrale leer" van Calvyn vorm nie (p. 173).

Hierdie proefskrif maak deurgaans 'n netjiese, wetenskaplike, gedissiplineerde en beheerste indruk. Dit is duidelik dat die navorser aan die titel reg wou laat geskied en hom by die onderwerp beperk het. Hierdie studie dra beslis by tot ons kennis van die reformatoriese teologie en soos Schulze opmerk, is veral Calvyn se verdediging t.o.v. die vrye wil, haas totaal onbekend gewees. Calvyn wou daarmee die kerk dien en ons kan die kennis vandag nog vir dieselfde doel gebruik (p. 137). Hy beklemtoon tereg Calvyn se waarskuwing teen menslike spekulasie in die geheimnisse van God — 'n waarskuwing wat talle navolgers van Calvyn in die wind geslaan het. Schulze self het die waarskuwing eerbiedig en 'n mens waardeer die piëteit en goeie smaak waarmee hy die kontrovers behandel en die insig wat uit die „Conclusion" (p. 137—152) straal. Hier was inderdaad 'n kenner van Calvyn en sy tyd aan die woord.

Die uitgewers het die werk baie netjies versorg. B.S.